



## Nomades Voetslaanklub. Roeteterugvoer, Klipkraal staproete

Sowat 35km Suid-Wes  
van Heidelberg.  
S26°47 56.6 E28°14 01.2



Marius Stander, Mariete Naude; Elsabe During, Erna Lubbinge; Wilna Moolman, Christo Vlok; Amelia Kuhn, *Louis Mitchell*; Leonore van der Merwe, Norma Grotius, Erika Barnard; Wilna en Christo(tent). 11 persone stap saam. Elizabeth Lourens bespreek, maar kon dit nie maak nie.

Vrydagmiddag so vanaf 14:00 arriveer ons stappers by 'Ouma se Huisie' op die plaas. 'n Ou plaashuis wat vir die fliek 'Ouma se slim kind' reggemaak is in 2005 en vandaar as akkomodasie gebruik is. Drie slaapkamers wat 2, 3 en 3 slaap en 2 in die sitkamer. Sonsel-battery liggies, gas-yskas en -warmwater. Toegeruste kombuis en beddegoed ingesluit. Parafien lampe word ook voorsien. 'n Lekker braaiarea op die stoep. In die sitkamer met sy ou-wêreldse meubels en foto's teen die muur word ons verwelkom met twee blokke shokolade en 'n welkombriefie. Laat die middag kom Celeste en Maurice, die eienaars gou gesigwys en vertel ons enkele dinge wat ons moet weet en waar die roete begin. Later die brikette aangesteek en heerlijk gebrui. Elkeen met sy eie kombinasies van vleis, groentes, klaarvoorafvoorbereide kosse en ander lekkernye.



Saterdag oggend ontbyt en 8:00 na die gebruikelike groeefoto begin ons op die Wit gemerkte Panorama roete. Agter die Blinkblaar huisie verby. Hier deel ons nog die geel roete. Verby Letsa(Ribbok) koppie, Uitkyk(op die Vaaldam), Mmamolongwane(Sekretarisvoël)kop, Panorama en Sam se dam. Net hierna sluit die roete aan by die Kraalroete, waar stapper wat in die Habitat kamp sou bly hier moes afdraai.



Verby vele windpompe, sement en ander damme deur baie heinings met soms ongemaklike klein openinge wat of te hoog of te laag is, en oor vlaktes. Die roete is ook nie so plat soos ons aanvanklik gedink het nie. Die hoogteverskil tussen die laagste punt op die roete(sowat 1550m bo seevlak) en die hoogste punt(sowat 1680m) is 130m.

Dit is ook maar plaas met sy beeste, heinings, paaie en ander infrastruktuur, dus glad nie ongereg nie, maar tog lekker om die in die veld te wees, met die vergasigte oor die vlaktes en die 'Uitkyk koppie' mooi uitsig op die Vaaldam wat maar sowat 4km net anderkant die R54 pad van ons is. Hier verwyf ons dan ook 'n tydjie en geniet versnapperinge. Blasé is ook somer so langs die pad behandel dansy Louis se groot pleister voorraad. Ons sien ook 'n klompie Zebras, Blesbokke 'n mooi groot trop wildebeeste(goue) wat speels op en af hardloop gesien Mooi. Afstand ongeveer 13km.



'n Lekker stappie en so rondom 14:00 is almal weer by Ouma se huisie, waar ons almal 'n lui-lekker middag



Foto : Wilna Moolman 2016/03

beleef. Iemand het 'n geluid gemaak van potbrood of deeg of pannekoek en na 'n paar oproepe kon ons reel dat Celeste vir ons 2 sakke deeg vanaf die dorp bring waar hul in elk geval was. In 'n spanpoging word besluit dat dit potbrood sal wees en die' word in die gas-oond gebak en amper aan die einde word die (bietjie te veel) suiker-sousie, wat 'n pasta moet wees bo-oor gesmeer en nog 'n bietjie gebak. Ons kon die spulletjie nie lekker sny nie, maar die stukke was HeerLik, as voorgereg tot die aand se braai.

Erna en Elsabe moet ons ongelukkig Saterdag-middag na die stap agv ander verpligtinge verlaat en vertrek.



Sondag oggend 8:00 pak ons agt stappers die geel Kraal roete aan. Leonore besluit om vandag net rustig by die kamp te bly. Ons volg die grondpad tot by die Habitat kamp, en oor die damwal met sy mooi uitsigte op die dam wat sou mens hier



bly, ook lekker roei-fasiliteite het.

Deur nog baie heinings. Bietjie asem geskep by Thaba Nyane(klein bergie), 'n afdakkie en braaiplekkie daar in die middel van die veld. Selfs net 'n kleinhuise. Nou sien ons oral die 'klipkrale'. Na 'n stywe affie teen die koppie af met sy baie bou veldblommities, dan oor 'n jeepad waar die merkers ook aandui links met die pad aan, of reguitoor. Ons gaan reguit oor die motorpad en kry die 'Groot klip' wat deur sommige ook as 'n heilige plek beskou word.



Deur nog heinings en verby Nog damme en windpompe. Oor vlaktes. Oor nog koppies en ons sien nog baie Kiepersolle en aalwyne. Oor 'n kleiner damwalle, al langs die heining langs en dan weer op met 'n koppie en af anderkant om aan te sluit by die dubbel-wit/geel seksie waar ons die vorige dag ook geloop in die teenoorstaande rigting. 'n Stewige stappie vir 'n Sondag. Afstand ongeveer 12km.



Sommige merkers was BAIE duidelik, ander ietwat dubbelsinnig en ander sou jou wel deur diep waters kon lei, maar ons kon oral die roete vind met enkele plekkies bietjies soek. Bietjie toegroei op plekke en die paadjie nie oral so mooi gedefinieer is nie. Maar oor die algemeen heel duidelik en geen groot verdwaal nie.



Kom stap gerus klipkraal en geniet die rustigheid hier, om kom kuier sommer net 'n naweek hier, al stap jy nie. 'n Lekker naby Stap, sowat 120km van Pretoria en Baie netjiese en toegeruste akkomodasie.

**Finansies:**

Inkomste	
Inbetalings (10 lede, 1 nie-lid. 9 in huis, 2 Tenters):	R3770.00
Uitgawes	: R3763.16
R3640(9xR360)+2xR200tent) + R55 besprekingsfooi	: R3695.00
Brikette 2 sakke @ R32.90 elk en aanstekers	: R 68.16
Projek surplus	: R 6.84

Groete, tot n' volgende stap.

**Marius Stander**

[www.Nomades.co.za](http://www.Nomades.co.za)

(vir Jaarprogram en ander stapverslae en vele meer)

[MariusStanderPTA@gmail.com](mailto:MariusStanderPTA@gmail.com)



Foto: Wilna Moolman



Foto : Wilna Moolman 2016/03